

## BIZZIE LIZZIE

- SHOW TEKS FINAL DRAFT VIR CENTURION TEATER & AARDKLOP -

27/09/2007

Geskryf en opgevoer deur LIZZ MEIRING

REGIE : Annelise Bosch

Vervaardig deur : Lizz Meiring

Kontakbesonderhede vir opvoerrechte:

Lizz Meiring: (E-posadres: lizzmeiring@me.com)

SQ – PRESHOW MUSIC  
SQ PRESHOW MUSIC OUT.  
NB : HOUSELIGHTS STILL ON.

### SKETS –1 PROLOOG - TEATERGANGER

Karakter enter vanaf auditoriumdeur :

SQ(Mic still off )

Koot ! Is ek laat ? Nou waar's my sitplek.

**SQ : LIZZ'S MIC ON.**

**LX LIGHTS ON STAGE - PRESET**

**SQ MUSIC –**

LX HOUSELIGHTS STILL ON

*SOUND & LIGHT SHOW*

*Die ligte kom op, op die verhoog .)KarakterKom op vanuit gehoor, waar sy gesit het)*

Ooh, maar dis mooi !

**SQ : SLOWLY FADE MUSIC OUT. :**

Ek geniet die feeste tog so Al die talentvolle mense!Dis my eerste keer hier by AARDPOLS.

.En die stalletjies.! Moet tog liever nie die goed by die hoekstalletjie eet nie, gee maar net geld, ek dink dis (*wil wys maar keer haarself* die pannekoekdeeg is vreeslik dik. En as jy toilette soek waar jy nie hoef tou te staan nie, gaan na die saal waar die Opera is. Daar's nie baie mense daar nie. Daar's tot handerom by die wasbak. Ek weet nou nie van by die "Mans " nie.

Nou nie soos die toilette by die groot konsert musiekopvoerings nie. Ek het al baie groot konsert musiekopvoerings gesien. Dis soos 'n spesiale aanbod, jy koop net een kaartjie,gaan sit op 'n skoolveld dan sien jy baie gesingery.

Kyk, ek dink nie die **Foeitog** Polisiëkar sing sleg nie , ek verstaan net nie alles waaroor hulle sing nie. Vreeslik kwaad ,die kinders. In my dae het 'n poliesie orkes uniforms gedra en "When the saints come marching in " gespeel.

Daar's selfs 'n sanggroep wat die VLU begin het : "MELKTERT KOMISSIE

Die ene van die hospitaal was ook op sy stukke – Albert Kraamsaal.

Maar wat beteken SKURUMBA ?

Die Laurika vrou het ek al iewers van gehoor. Haai, en Amanda loop al lank die pad nê ?My lam. En daai ene wat so mooi klavier speel en oor die Karoo en die kruie sing, hy tree gereeld op...daai een van Kwêla, met die bril. Siestog.

Die wat kom kyk na die musiekgoed is vreeslik jonk, maar dierbaar. Ene het vir my 'n koel drank gegee , 'n SPIN, baie lekker.

Ek hou van die jongklomp. Hulle's nie gepla met hulleself nie.

As hulle wil skree van lekkerkry , dan skree hulle .Daar by die aftree en opgee oord, leef mens mos in die ewige stilte. Asof jy klaar in die graf is.Dit kan mens mal maak, daai stilte.

Lawaai is lewe. En die jongklomp praat nie af nie, hulle dink nie omdat jou lyf 'n strykster nodig het, is jou kop ook vol kreukels nie .Ek is al toegespit met middeljariges se verkleinwoordjies : Tannietjie, Oumie...Die jongklomp, hulle kyk regdeur die plooi na jou siel.En die verkalk en verbrokkel mos nie.

O, ek het al baie opvoerings gesien. Dis wat ek destyds wou doen – konsert hou. Maar toe sê my Pa “Nee, dis net armblandes se werk “. Toe trou ek maar.Dit was ook lekker. Maar Jan –Jan my man, is eers nou die dag dood. Ek het 4 kinders , 7 kleinkinders , maar siestog hulle's baie besig. .Buitendien, mens raak mos onsigbaar as jy oud word..die dat jy maar moet lawaai om te wys jy's nog hier.....

O, as ek so in 'n saal sit, dan verbeel ek my dis ek op daai verhoog wat so lekker kan tekere gaan.

Nou die aand se “DON'T MIME ME “ was vreeslik interssant. 'n Klein gespierde mannetjie , in 'n blink swart babygrow , met 'n wit handskoene en 'n wit gesmeerde gesig , het op die saal se verhoog gekom en gemaak of hy onsigbare deure en vensters oop en toemaak. Toe's hy 'n plant wat groei, en toe vrek die plant. Toe huil hy oor die plant gevrek het , toe's dit verby. Maar hy't die hele tyd nie 'n woord gepraat nie. Seker skaam, siestog

Ballet is vir my tog te oulik. Die ou maer meisietjies wat op hul toontjies dans om by die mans by te kom. Ek hou van daai Neutedop ene . Koot, ek het eenkeer my oorlede man saamgesleep na 'n ballet toe,was 'n liefdadigheid vir kanker.Maar hy was baie onthuts. Ges^e, dis ongeskik, die mans moet ordentlike broeke dra, nie daai broekiekouse wat so...so.. voorwaarts is nie. En hy was woedend toe hy hoor 'n kommunis het die musiek geskryf. Ek het nog probeer stry – “ Pappa . wie s^e Tshavinsky het saamgestem met die regering? Maar hy wou niks weet nie. .

Een aand, nou kort gelede, sleep my ou niggetjie se dogter,Deborah, , sy's glo 'n ...BOHEEM. In die dag is sy 'n kelnerin, maar snags – 'n boheem. Elk geval, die vat my toe na 'n Versindaba. Ek dag dis 'n landbouskou, maar dis toe hier, in die stad. Vuil, rokerige plek, so by baie trappe af. Siestog. Daar dig hulle vreeslik. Sommer so, uit die vuil uit.Dan lees hulle die gediggies voor. Dit het lank aangehou. BAIE LANK. Maar hulle's vreeslik ernstig.En hulle drink..Bokse wyn, en bier, sommer so uit die bottel. Almal se senuwees was op hol, want 'n Koos wat iets met kombuise te doen het, kompleet met tea cosy op die kop,het kom sing, diep liedjies, en ene Breytenbach ,in 'n uitgerekte jersey het kom ops^e. Glo hul eie goed. Suur en belangrik , die twee. Jy kon hulle boeke ook na die tyd koop. Maar wat sou ek nou met daai Breytenbach bokkom se boek“Huis van die dowes “ wil maak, ek leef klaar in 'n tehuis vol dowes. En ek het al 'n paar boeke. “Dagstukkies vir 'n diabeet “ , en twee Gideons Bybels.Nou 's my bedkassie te vol.

Kunsuitstallings is ook verniet. Daar's snacks en wyn ook. Maar ek verstaan nie al die kuns nie. Party is so gekrabbel en gekrap. Dalk is dit voet en mond skilders. Siestog, dan's dit baie moeiliker om te verf of te teken.

Maar vandag/ vanaand, het ek kom **toneel** sien. Die kaartjies het nie verkoop nie, toe bel hulle die ouetehuis. Ek was al een wat wou kom. Maar die een ou vrou daar, bitterbek, was glo op haar dag 'n *resensent* vir opvoerings. Sy sê, ek moet wegbly as hul 'n ding as "**eksperimenteel**" adverteer. Dan is dit glo nog nie klaar uitgedink nie. En as dit sê "**DRAMA**" moet jy weet daar's bloed, water en kaal mense. (*Sy glimlag skalks*)

Maar diè opvoering is glo "**Toneel**". Dit beteken glo iets van alles. Lag en huil. Maar ek dink dis oor blomme. Bizzie Lizzies en Rooi Rose. En ek hou van blomme. Net nie kannas nie, elke ouetehuis tuin staan vervuil ....

**LX – HOUSELIGHTS OUT.**

**LX – SNAP BLACKOUT –**

(IN DIE DONKER SOOS SY IN DIE WINGS IN EXIT )

"O, my heiden, word ek nou blind ?" Nee, koot, waar's ek nou...O, jammer meisie ek..

EINDE SKETS.

(Lizz exit in wings in, remove jas & hoed )

**SQ OPENING MUSIEK :**

**LX LIGTE WEER OP STAGE .**

**LIZZ AS LIZZ ENTER OP STAGE, KOM STAAN DOWNSTAGE, LANGS CUTOUT./BANNER**

**VERBAL LINK : TO BE DONE LIVE BY LIZZ**

"Skryf net wat jy wil , solank jy nie ons lesers affronteer nie. "

Die rubriek is joune, ons noem dit **Bizzie Lizzie** , verwysend na jou showbizz persona"

Mmmmm...Volkome vryheid is vieslik –jy't niemand om te blameer nie.

Elke maand, as dit rubriekskryf tyd is, lag my laptop vir my – *whê whê , jy't niks om oor te skryf nie....*

Maar daar's altyd baie om oor te skryf, -ding is net, gaan ander mense my aweregse kop verstaan ? .Die **rare** goed waaroor ek wonder.?.....

**LX STATE VIR SKETS ?**

**GEEN COSTUME CHANGE**

**SKETS 2 – Ek wonder (SOOS TYPE OF STAND-UP COMEDY STYLE )**

Ek wonder hoekom Wong en Wrong die **tegnologiese taiwanesies**

**Instruksieboekies** skryf sodat *net ek* niks verstaan of kan lees nie

Wat bedoel **binneshuise versuurders** as hul sê :

"die *broken white*" van die **tekstuur**, speel met 'n afrika-funk, chino-spaanse **invloed**"

en ek sien net **beige**, beige en nog beige **lappe** voor my lê ?

En al die **70 's kitsch**, wat ons Ma's van ontslae moes raak

Is skielik **peperduur RETRO** wat ryk moffies opgewonde maak.  
 Hoekom is **organiese groente , hoenders en vrugte** duurder as diè met gif ?  
 En kan ons nou asseblief ‘n **ander digter** as Ingrid Jonker , uit vergetelheid lig !  
 Waar kry die **Noot vir Noot** span daai *aaklige* hemde en baadjies ?  
 En hoekom *pose* **sekulêre sangers** altyd in vormlose, geruite tops, klouend aan ‘n boom, op hul  
 cd omslagblaadjies ?  
 Van wanneer af , word dit **net my verantwoordelikheid**  
 Om elke **bleddie bedelaar** te help uit die moeilikheid ?  
 Hoe wen jy ‘n **skoonheidstitel, of ‘n boks OMO en skielik is sepiester** wees jou nerig  
 En hoe sterf ‘n **300 pond sopraan in Traviata** aan tering ?  
 Dis eerbaar van **boeddiste** om te glo jy mag niks **doodmaak** nie  
 Maar **meditasie en chants** gaan nie van my **huisgoggas** ontslae raak nie  
 Het **kristalle, die tarot, palmlesers, numero en astroloë**  
 Regtig ‘n **wysheid** waarin ons kan **glo** ?  
 Wat’s die **geneul oor vloekwoorde**, dis net ‘n klank  
 Sê nou “**stoel**” was ‘n swetswoord, of “**tafel**” of “**bank** “  
 Sou ons dan op ‘n “**bliksem** “ gaan sit, of eet op ‘n “**moer**”  
 En van ‘n “**poep**” af, na die tv loer ? .  
 Hoekom kry net *ek*, die **winkeltrullie met die wankelrige wiele** ,  
 En is daar regtig **aliens**, en wat , behalwe **skoene en ‘n handsak**, is die **nut van reptiele** ?  
 Het die **verlore Atlantis** rêrig bestaan ? Of is dit net **mitiese nostalgie**  
 Oor ‘n eens **perfekte samelewing**, nie so **verward en verpluk** soos ons s’n nie..  
 En bowenal, hoe op dees aarde moet ek **satire, komedie of enige kuns maak**  
 Sonder om, êrens, iewers, iemand , in ons fyntrap volkie se **sensitiwiteit** of **oortuiging** op hol  
 te jaag ?  
 My **voete trap op raaisels - , die wêreld** bly maar vir my **vreemd , verassend en vol vrae**  
 En as jy **soos ek, bly wonder**, dan het ons altyd iets **oorspronklik** om in ons **stories oor te dra.**

EINDE SKETS.2

SQ –

LX – -- STATE VIR CHANGE

LIZZ CHANGE NA HANDSAK.

LX STATE VIR SKETS

### **SKETS 3– HANDSAK**

***(KYK OP ) Hou op krap. Hou op rondkrap in my. Almal kyk vir jou (VORENTOE )e ). Oooooogh***  
 !. Elke keer as sy nie weet wat om te doen nie, begin sy grawe. Dis *gross* !. Ek’s al rou gekrap. !.

Ooef , ek’s te vol. Jissie. **(AF)** Wat stop sy nou nog in ? Restaurant swiets ? Sy eet nooit die goed  
 nie. **(OP)** *Hellooo Fat food ! Jy hoef nie alles te vat wat jy saam met die bill kry nie ! Hei, hei,*

daar's 'n (KYK NA EEN SY TOE AF) spesiale zipsakkie vir die kleingeld. Gebruik dit (OP, dan AF) ! Oooo shit, hier kom die selfoon, ouw, ouw...Nie so diep in nie. Jy gaan netnou weer al jou naels breek soos jy soek as die ding lui ! Sit dit aan die kant in By the way.. .Hoekom vat jy dit saam ? Jy 't nie International roaming nie.

(, VORENTOE, OP DAN AF )

Los die slip wat gaan jy daarmee maak ? Waar wil jy dit nou insquizeze?...Hey, hier's nie meer plek nie , okay ? Los die SLIP ! (VORENTOE) oogh, Al die slips, kielie my voering.(Lag, dalk kinky ..oooohooo )

(OP) By the way, daai duur base loop uit. Jou paspoort is nou "natural beige "(AF).Oooo, uck, dis taai...Waar's die tissues ? Vliegkaartjie, instapkaart paspoort, restaurant swiets, slip, slip, slip, , berge vol make-up, pienk g-string, (OP)hier's nie tissues nie.

(VORENTOE) Oh-oh . Sy's uptight. Nervous oor die "Groot Toekoms !". Was mos lekker bederf by die huis. Nou moet ons op ons eie voetjies staan. (OP). Haal die subway guide uit, voor die ding taai raak.(AF, DAN VORENTOE) Dankie tog, sy't dit uitgehaal !. Ek sweer sy 't al die roetes van Wolverhampton na Wimbledon, Kings Cross na Victoria Station opgeswot. Uit haar kop uit. Was nooit so eager met eksamens nie. (LOOP)

(LOOP, OP) Waarheen nou ? Gaan ons weer lipgloss in die ladies aansit ? . Hoeveel lae kan jou lippe handle ? Dit lyk al of jy koors het ! Moenie my so skommel nie!

(LOOP, STOP, WORD SKUINS NEERGESIT. BLY SO, KYK OP).

Aaahaaa.. Is die toilet trane nou oor die duur base wat gemors het , of die family wat agterbly of net plein senuwees ? (KYK AF, DAN VINNIG OP) Ek het nie tissues in nie . Gebruik toiletpapier. En fix jou maskara, jy lyk soos 'n Panda.

Grow up. . Haal diep asem. Diep asem..Daarsy. Jy kon dan nie wag om weg te kom nie.? Huh ? .(LOOK NA GEHOOR Oë ROL).

Moenie worry nie , ons gaan dit handle. Cling to me baby Mmmm ? Freedom, girlfriend ! Freedom !

Die Engelse gaan nie byt nie. Diè wat oor is, na al jou pèlle daar oorgeneem het. Okay ?

Dis mos nie vir ewig nie, jy kan weer terugkom – wanneer die veilg is, die pandemic oor is, jy 'n job kan kry ...binnekort, binnekort.(LOOP, BLY LOOP).

(BLY LOOP KYK KANT TOE, AGTER TOE) . Wat druk hier teen my sy ? Ag nee ! Die ding is al so oud. !(BLY LOOP, KYK OP) (Wat gaan jy met jou turkoois teddiebeer maak.? Netnou dink hulle by Gatwick jy smokkel drugs daarin . Veral met die studs in jou gesig.

(BLY LOOP, KYK OP) Zip my toe, netnou steel iemand jou beursie. En hou op grawe ! Moenie jou naels byt nie. Vat die emery board. Oppas! Die ipod gaan uitval.!(STOP, KYK NA SIGARE)

(KYK OP) Sigare ? Groot, vet sigare ? Waar wil jy dit insit ?!(KYK VORENTOE) . Daai vlug moet nou kom, anders koop sy die hele duty free leeg.(LOOP 'N PAAR TREE, STOP, KYK NA POSKAART, DAN OP) R15 vir 'n Afrika poskaart ? Vir wat wil jy ....is daar een met Ryk Neethling ? Ja, die Madiba ene is cute. Dis nice vir onthou... ,

*Wag, ek maak plek. (KYK AF, DAN OP ) Skuif dit hier langs jou teddie in. Zip toe. Daarsy. Kyk, kyk Nee, langs die HOMECOMING REVOLUTION POSTER - Kyk!, jou vlug is op die bord. Let's go ! (BEGIN HARDLOOP, KYK OP ) Hey, hey, heyyyy chill ,Jy hoef nie te hol nie ! (HARDLOOP NOG KYK VORENTOE ) chill, chill, Stadig, ek word saksiek ! (MAAK BOLWANGE ASOF GAAN OPGOOI )*

EINDE. SKETS 3

SQ

LX STATE VIR CHANGE

**LIZZ CHANGE VIR VOEDSELALLERGIE –BAADJIE & KUIF**

LX – STATE VIR SKETS SPECIAL OP LIZZ AS “VOEDSELALLERGIE “

**SQ VOICE OVER REGTER**

**SKETS 4– VOEDSELALLERGIE.** (iets van hy's 'n celebrity, groet sy fans ..?)

**VO : (SOOS 'N REGTER SE STEM, EFFENS EGGO, ) Jy het voorbedag en gewetenloos , naiewe mense se lewens opgemors. Jou verweer dat jy die ekonomie bevorder, word in ag geneem. Maar jy het nog steeds 'n middelklas massa histerie in Suid-Afrika veroorsaak wat bittere gevolge het. Voor die vonnisoplegging - Het die beskuldigde iets om ter versagting aan te voer ?**

**VOEDSELALLERGIE :**

Howzit , howzit Howzit ? Al my important peoples.! Howzit my ballie ? Oooooo hey,,jy gaan sorry wees oor daai *burger* wat jy in die break gevreet het. Maar ok .o.k. ok. .kom ons chat nou oor my.

Hooriekykhie ..**Ek skrik nie vir 'n ballie in 'n wit collar en 'n vlermuis jassie nie.**

Kykie hoorie : Julle kan nie meer **julle bekke oopmaak sonder** my nie.

Wie dink jy **STAR op labels**, op die bottels , en blikketjies en boksies ? Ek , my ballie, ek ! Het jy al **gecheck hoe check hulle my** uit? Gooi nie **'n ding in daai trollie voor** hulle nie die label gescope het nie. En Wie se naam staan daar **groot** geprint ? MYNE ,batman.! Myne .**FOOD ALLERGIES ...VOEDSEL ALLERGIE.**

En daai **labels list al my properties** : wheat, nuts,lactose, gluten, msg. Sugar ,caffiene, colourants, stabiliser, thickener tartrazine, e114, e 121,

Kykhie'Hoorie .. **My business brei uit , elke dag.** En dis nie net meer die **obvious varke** in die voedselverhaal nie. No way, Jose – ek het **baie tricks – blaarslaai**, tamatie, protien...O en **ek graft** aan 'n nuwe een –**PETFOOD ALLERGIES** .Dink net, al die hondjies en kattetjies en budgies, en goudvissies en hamstertjies wat gehelp” kan word **Shweet n^e ?**

Wie dink jy maak **big moola vir die feelgood industry** ? Nie die pilletjies en poeiertjies nie !Nie steriods of kreatien nie.Ek , my ballie.. Hier staan hy – **THE MODERN HERO OF HEALTH.**

Ek feature **everywhere**..- by die grandste dinners en gholp estates.Top Topic of conversation. Ek het **kosher, halaal, en vegetarian laaankal agter gelos**.

Ja, **so what ? Die kids en die skoolsnoepie en tuisnywerheid tannies** en die **kosskrywers like my nie**. En **Macdonalds** het ‘n prys op my kop –but I’m **hip en funky**, and I’m here to stay. ! Die **media en die posh mummies, en die metromales, en daai pienk dudes, even die corporate fat cats trust my. Paar ryk pensioners ok.** Die **dieticians** en die **holistics** hulle’s **hot** vir my .Al die **homeopaths** is **happy**. Dis nie maklik nie, *timer*, neurotics soek altyd iets fresh.. New age is old news,Psycho analisis is past tense.. ..*Jy lyk nie lekker nie. Is jy o.k. my timer ? Jy lyk nie lekker nie. So-rry, sue me for asking. .*

So –**Think before you destroy, dude**...ek vat die peoples se **aandag weg van die** heavy stuff – die crime en corruption en so. Hey, ek’s die **peoples se perfect excuse** –“ *My laaitie is dof en aggro, want hy ’t chips by ’n kinderparty gechow .My vrou is whacko want sy’s getik van die gluten. My man loop rond , want hy like van terte . Ek kon nie ’n IDOL word nie, want die peanuts het my keel toegetrek,.toe kom die song skeef uit Whackawhakawhacka .....* Sure, ek’s ‘n **serial kuierkiller** ,maar nou’s ek **part of the family**.Jy maak uit ?

**Ek kry nie vatplek verder op in Afrika** nie.Hel, daar’s nie eers *food for thought* nie, nevermaaind *pap vir ’n pot*.My breeding ground is hier. So **wat gaan jy doen dude ?** My in die **tjoekie gooi** en maak of ek nie exist nie ?. Of gaan jy **vir die peoples** vertel hulle voorouers het nie geworry oor my nie, en hulle’t moerse lank geleef ? **Vat nou, my - FOOD ALLERY se free advice** – hulle s<sup>e</sup> almal, hulle’t nie tyd vir **nog** problems nie, – maar hey,in Suid-Afrika , moet jy in luxury suffer. So, **good luck batman. Jis, jy lyk nie lekker nie. Genuine. .**

**V’O : (REGTER )klap van hammer.Dis nou Genoeg !.(begin nies, snuif of splutter asof hy kortasem is, of sy keel toetrek , hyg na asem. (Hortend en hygend )Die hof word verdaag !....**

VOEDSELALLERGIE : Tsk, tsk.. Wat het ek jou ges<sup>e</sup> ? Jy wou mos daai *burger* vreet. Welcome to my Club...”Edelagballie.”

EINDE.SKETS 4.

SQ

LX STATE VIR CHANGE

LIZZ CHANGE IN GARDEN GNOME – CAP & VISSTOK

LX ----STATE VIR SKETS

## SKETS 5 – GARDEN GNOME ... .

Ek weet niks Niks nie. Dis ook nie meer lekker in ons tuin nie.

G'n vis gaan byt in hierdie weer nie. Nie eers 'n dom khoi nie.

Dit was nie my idee nie, die visstok - daai twee van die huis het dit in my hande kom druk.

Als moet mos deesdae 'n NUT hê. Tot ek hul kampioen khois begin vang, dan gaan jy 'n ding sien. (LAG *hê-hê*) Vir wat kan ek nie net op my sement sampioen sit en mooi lyk nie ?

Ek's dan nou mode. Toerentyd rommel, nou's ek *retro*.

Van Oosrand na *Oostelike Voorstede*.. **Garden and Gnome** het glad my kiekie kom vat. *Eternal Symbol of style* nogal. Ek was saam met die tuin op "TOP BILLING" ook. Nou's hulle vreeslik "in " -die twee van die huis. Seker diè dat hulle so baklei –

Standaarde. As jy niks is en niks het nie, het jy mos nie standarde nie. Dan't jy niks om jou oor te bekommer nie. .Op die werf is te veel standarde - duur karre, en skilderye, en matte en meubels , die grote huis , die simpel khois....

Ek weet nie hoe lank ek dit nog hier gaan uithou nie. Nou sit ek maar en wag. Vir beter dae. Maar diè twee van die huis is nie gelukkig nie. Ek hoor hoe hul laatnag goeters breek en baklei. Hy kom staan soms hier in die tuin en swets. Sy ook, maar nie as hy by is nie. Maar sy snik meer as wat sy swets. Dan kom sit die hond maar hier by my, as dinge te erg raak in die huis. Een aand , nou kort -was hulle al drie hier by my, die man, die vrou en die hond. agterna. Elk met 'n whiskey in die hand. Behalwe die hond. Hulle 't versigtig gepraat- soos twee mense vreemdelinge – gepraat : oor nuwe tuinplanne, **oor hul nuutste kopie, die chateau in Lyon.....**oor alles behalwe waaroor hulle *moes* praat. Toe die whiskey begin sag maak, het sy my kop gestreel, en hulle't gelag Oor my. En **net vir daai oomblik**, het hulle regtig weer *gesels*, soos in die ou dae .....

Hulle't my op die eerste dag van hul wittebrood gekoop –R29-99 , by die Checkers in Margate. Vir hul eerste huis. 'n Klein, klam woonstelletjie Daai tyd het hulle nog nie STANDAARDE gehad nie, hulle't ook nie so baklei nie...

Hulle moenie my rondonder nie..

Ek is nie sommer 'n hierjy dwerg nie, my stamboek kom van ver af .. my 7 ooms het lank saam met 'n meisiekind gebly wat gevlug het van haar stiefma af ..hulle's nou nog beroemd. En my Oupa Dawie, was op TV.. AAAAA, daar vang ek amper ene !

(Ek het eintlik al twee gevang, smaak na niks , maar hulle't die hond die skuld gegee. Is ok reg so, hy wil my mos sy been teen my kom lig. )

**Hier sit ek, reg om kop skoon te maak, en te troos. Tuinterapeut Maar niemand het mos meer verbeelding nie. As hul van hul eie koppe wil wegkom – dan sluk, rook, suip , snuif of spuit dit al wat 'n wondermiddel is – ek het gesien met die partytjies hier in die tuin. Dan trek ek aspris skewe bek, oooo, dan moet jy sien hoe gaan die spul tekere oor die wonderlike gesigte wat die wondermiddels hulle laat sien !**

Die partytjiedronkes kom stuk-stuk laatnag 'n draai by my maak. Daai magtige besigheidbase. En die stylvolle vroue. Die Gays ook. En die Tieners. Kom soek streling by



sement. Dalk is hulle te moeg om *magic* raak te sien. .Dis ‘n gehardloop en ‘n gebekommer en ‘n getjommel oor wie weet wat. Hol reg by mekaar se harte verby. Nee wat, dan sit ek liewers hier en vang vis. Al is dit nou net ‘n **smaaklose** khoi.

Of as ek regtig niks het om te doen nie, gesels ek met die tuinboy. Hy dink daar’s stemme in sy kop.(LAG – *hê-hê*) Of ek roep die hond. Ons praat nie dieselle taal nie, maar ons verstaan mekaar.

Die Ousie gesels my kant toe as sy wasgoed ophang.Sy’t nie daai STANDAARDE nie, maar sy’t ook maar probleme –geld en kinders en die man wat rondloop.Ek dink nie sy soek antwoorde nie,sy blaas maar net stoom af, so tussen die oorlewing deur..Dan sing sy kerkliedjies,selle wysies oor en oor .(*Neurie Bly by my Heer* )Dan voel sy beter.

Dis ‘n mooi tuin. Min van my portuur het so mooi tuin soos ons s’n. Ek moes net al daai “SLAKKE STAAN SOONTOE “ en “GOGGAS HOU VERBY”bordjies begrawe.Ek kry nou maar een maal nie vatplek aan tuinornamente nie.. Die khois is erg genoeg.

Ek wil nie hier weggaan nie. Kan hulle nie maar die STANDAARDE uitgooi en van vooraf begin nie ? Ek verstaan niks meer nie.

Julle mense sê altyd, om gelukkig te wees, moet jy moet die harde werklikheid in die oë kyk. Is **daar nie ‘n sagte werklikheid nie ?** ..Ek’s nie gebou vir wrede waarheid nie.. ..Daar’s sentiment in my sement ..Hiert jou **uitpeuloog khoi**, ek’s nie eers lus vir jou vandag nie. ... !

EINDE. SKETS 5

SQ

LX STATE VIR CHANGE

**LIZZ CHANGE IN MONUMENT JAS**

LX STATE VIR SKETS

### **SKETS 6 -MONUMENT**

Die **bordjie** na die **afdraaipad** het al lankal **afgeroes**. Maak seker ook nie saak nie.

Niemand het meer erg aan ‘n graniet gedenknaald iewers tussen vaal gras nie.

Name teen die muur het lankal verweer. Die lys is in elk geval onvolledig.

Die Vrede vir Suid -Afrika beeld is stuk-stuk weggedra. Skrootmetaal geword. .Maar ons is nog altyd hier.

Ons tent het hier gestaan.Hier waar die vrede beeld was.Daar was toe nie eers vaal gras nie. Net stof...en wind.

‘n Stof wat in jou keel kom klou. Selfs die koue koffie met die fyn skerwe in was ‘n lafenis.

Die vrou ..ek het haar naam vergeet..en haar tweeling, wat was hulle name ? En die weduwee en haar suster wat so mooi kon sing ..hulle name is ook uit my kop uit, en ek, en my kind...nee, kan nie onthou nie..ons was algaar hier ingebondel. Nr 99 was ons tent in die **kampregister**.

Kitchener SY NAAM ONTHOU EK , hy was twee keer hier. Maar ek het my rug op hom

gedraai. Van die ander het voor hom op die grond gespuu. Hulle was nooit openlik boosaardig nie, die kakies, altyd ordentlik in hul onmenslikheid. Orders uitgevoer. Ek was al weg toe vrede gekom het. Kinkhoes. en verhogering.. My babaseuntjie .. Wat was sy naam ? Hy't oorleef.

Ons enigste oorlewende familie was in Duitsland. Hy's toe soontoe. **Een wêreldoorlog** het hy oorleef. Maar toe die **tweede een kom, moes hy gaan veg ten die Engelse. En die Semiete.** Was kommandant by Belsem. By die vroue en kinders se barakke. 'n Goed georganiseerde man. Het flink en vinnig sy bevele afgehandel. Hy's ook weg voor V-DAY, 'n koeël van 'n Amerikaanse soldaat.

Sy seun, ai, ek het nou vergeet wat sy naam was, het teruggekom huistoe. Hy moes ook weermag toe Gehelp om **Sophiatown en Distrik Ses** te skuif. Daar was baie vroue en kinders... hulle bagasie was maar min. En jy pak vinnig as 'n tenk voor jou gehug staan. **In die chaos, het een van sy makkers hom per ongeluk doodgeskiet. Wegholkoeël.** Hy het twee seuns gehad. Die oudste kan nie sy naam herroep nie.. hy's opgeroep om in die **grensoorlog - Ovamboland** te veg. Die Swapo vlugtelinge was sy verantwoordelikheid. Moes hulle in kampe sit, vir hul eie veiligheid. Te veel vyandsvroue en kinders is nie te vertrou nie. En hulle kon nie terroriste informante bekostig nie.. Gelukkig kon malaria baie koeëls spaar.. Hy self, is in 'n landmynontploffing dood

Die jonger broer nee, kan nie die naam onthou nie, hy't in **76, Soweto** moes in, as polisie-dienspligtige. Vroue en kinders opgelaai en selle toe gevat. Vir veiligheid.

Jare later, toe dit brief van die waarheidskommissie kom, het hy selfmoord gepleeg.

Sy seun.... ek gaan nie eers meer probeer nie, het die **plaas geërf, dit goed beveilig en afgekamp** - Hy's nou **kort gelede vermoor. Die moordenaars** het sy vrou en kind in die gesteelde motor se katebak toegesluit, vir hul eie veiligheid – waar hul versmoor het.

Die selfaangestelde landeisers het hul eie vrouens en kinders ook besmet ..nog statistieke van die virale oorlog.

Soms, ontsnap ons uit die graniet, kom sit ons almal saam hier, onsigbaar tussen die lang gras, die wasems van anonieme vroue, mans-en kinders - **die hele gedoemde Afrika** stamboom.. En dan wonder ons –het IEMAND toe gewen?

EINDE SKETS 6

SQ

LX -----STATE VIR CHANGE

LIZZ CHANGE IN KAMEELHORINGS EN ORE EN KAROS IN, VAT CLIPBOARD.

LX STATE VIR SKETS

### **SKETS 7– MENSE KYK**

*( 'n Kameelperd ) ( Kyk hulle vir 'n rukkies uit ) ( Dit help nie.. )*

**Stilte. Stilte. Hou op bulk** en blaas en En grom en sis En Fluit. Sal die **trop hienas** daar agter asseblief ophou lag ? Ons het sked..ag nee, dier ...wie't **aan my clipboard gevreet** ? Hierdie is EGTE Mensvel.! Ja, ja, die **skuldige is natuurlik nou 'n karkas.** Daar's **skedules om te**

**bespreek.** Ek weet die **leeus** is nie hier nie, hulle staak nog. Ja, die wit leeus.ook.BRULSATO sê dit gaan oor die beskikbaarheid van ordentlike springbokke. Hulle glo vreeslik skaars. En duur. Ek weet nie hoe lank dit gaan vat nie, die Parkeraad is met vakansie. ..Disneyland toe. (LEK )

**Reg dierasies, die park loop leeg,** en dit vat aan ons eie voersakke. **Kompetisie** is sterk –al wat ‘n lapa en ‘n krokodil het , maak ‘n wildduin oop. Ons moet die toeriste waarde gee vir hul geld. Nie net die groot vyf nie, ons moet almal poot aan die stert , klou aan vlerk, en kop aan dop sit. Wie was die **renoster** wat gister die Japanese toerbus bestorm het ? Opwindende werk, maar jy’t die bus beskadig. Ja, maar jy weet mos hulle’t kameras. Ek kan nie help jy lyk vet op foto’s nie !Die seekoeie en die olifante kla nie .En **polish jou horing, jy lyk verwaarloos.** Waar’s die **bosluisvoëls** wat op jou moet sit ? Nou wie’t hulle opgevreet ? Kry nog ‘n paartjie. En so **gepraat van die vermiste werkers – Manto en haar matrones** kom die park besoek. Julle mis nie op haar kar, of op haar kop nie , ek gee nie om wat julle van haar dink nie. Sy bly die minister van gesondheid. ! Pasop net as sy dink julle lyk te maer. Haar Vigsasie met beet en knoffel is nie goed vir wildlewe nie. Watter **loerie** het ‘n zapsign gegooi vir die bejaarde voëlkykers? Sies.

**Bradgelina en die hele gebroedsel** het ook hier bespreek. En niemand, niemand praat met die Luisgenoot of Animal Talk nie. As julle paparazzi sien wegkruip, byt om dood te maak. Moet net nie insluk nie, hulle’s giftig. (LEK )

Watter **aasvoëls** moes gister die vreet vertoning doen ? Ek wil nie verskonings hoor nie, jul vreet vandag dubbelskof. En ek wil baie gehop en bakleiery sien ,anders raak dit vervelig. **En ape, ape ? ... Moenie vir my sê “Hang aan ‘n tak nie .”**..onthou, oulik, oulik, veral die kleintjies. Moet om diere swil nie kos by mense vat nie, julle weet nie waar hulle **hande was nie.** (REACT WEER OOR GAT IN CLIPBOARD. )

Die **week se skedule** is by elke watergat opgeplak dis elke tropleier se plig, om te gaan kyk. **Net ‘n paar dinge -.. vroegoggend game drives , : die seekoeie, ons kameelperde en die rooibokke.** Dan ook die **olifante ... moenie jou slurp vir my kom swaai nie, mannetjie ..met die leeus aan’t staak ,moet julle net eenvoudig.** Buitendien, julle vreet baie meer as die res van ons. ..Ek weet, ek weet julle **hare armbande** en **mis-in perspex** is topverkopers. Ons verstaan mos, toeriste het g’n smaak nie. .Daar kom ‘n klomp **Amerikaners, so julle moet regmaak vir ‘n onaardse lawaai.** Onthou, hulle hou van **groot groepe ,selle spesie -in vriendelike formasies..** Ons kompeteer met **Hollywood.en Broadway.** Hoe ver is die **flaminke se dansroetine** ? Nou, wat’s verkeerd met pienk vere ? Nee, nee, groen is onnatuurlik. Julle kleur nie julle pluime nie ! En **dierasies, ALMAL van julle – dit help nie om net te mis en dan voor die son te verdwyn nie.** Jou afval is nie ‘n plaasvervanger vir jou pootval nie.Jou spore ook nie. Jy moet darem nou en dan ‘n halwe bokoor of bobbejaanstert agter ‘n boom of ‘n bos laat uitsteek, magtag. Onthou wat ons hier verkoop. Hou op lyf wegsteek !

Ek **waarsku weer, as die veldwagters** enige siel van enige spesie vang, wat wilddief velle of tande probeer verkoop, is dit reguit agter tralies – Pretoria of Johburg dieretuin toe.

**Vlarkvarke !** Hoeveel keer moet ek dit nog s<sup>e</sup> ?Laat sak julle sterte as jul by die chalets verby hol.Dit lol met die DSTV.opvangs.

**Waar's die tiere ?** Hulle kom nie 'n Bollywood Movie maak nie. Dis net 'n advertensie !Vir TIGER-WHEEL& TYRE ! Ons luiperds sou nie werk nie. Die zebra's het weer die bestuur 'n streep getrek. Hier staan die klagte, swart op wit. Maar ons sal later daaroor praat.... **Dassies**, ek weet dis julle werk om by die ruskampe rond te hang en gaste te amuseer , maar moenie die Duitsers se bier drink nie. 'n Dronk Dassie is nie dierbaar nie. **Hienas**, julle mag nie lag vir die Duitsers of die hollanders se sokkies en sandale nie. (LEK)

**En diè van julle wat slaap deur die dag**, slaap stylvol en stil, toe beentjies, sodat die agies mooi foto's kan neem. Wie weet ? Ons wen dalk weer 'n Beeld Foto kompetisie. **Daar kom oormore Italianers -nonne**. Moet asseblief nie *paar* waar die bus met die pouslike pikkewyne in -julle kan sien nie. **Mambas**, hou op om die hotelstaf te terg – julle weet hulle's bang vir julle. Nou maar seil om die hotelarea. Jou vel gaan g'n deurslyt nie. Jy kry elke seisoen 'n nuwe een. Gmf ...Lui slang. En **onthou, gedra julle soos ware diere**.Die publiek kyk na ons..(*Begin move* ). Nou toe, dis **tyd vir die skemerroete**. Kom ons gaan suip. Laaste by die watergat is 'n stink toeris .... !

EINDE. SKETS 7

SQ -----

LX ---- STATE VIR CHANGE

LIZZ CHANGE UIT KAMEEL , T'RUG NA BEGIN BASIC COSTUME.

LIZZ GAAN STAAN WEER BY CUTOUT.

LX STATE VIR SKETS

### **SKETS – 8 EENDAG**

Eendag as ek groot is, gaan ek orals heen op aarde reis  
En ek sal weer besef hulle het ook maar probleme – nes ons by die huis.  
En as ek regtig groot is, gaan EK NOOIT weer “ja” s^e as ek “nee “ bedoel nie  
En ook nie daaroor skuldig voel nie.  
En as ek makhulu groot is ,sal ek VOLSTREK weier  
om saam met domastrantes, suinige siele en smartlappe te kuier  
En as ek so groot is dat ek amper bars,  
Gaan plant ek 'n bom by elke tak van SARS

Eendag as ek genoeg geld het, gaan ek vir die benepenes 'n sin vir humor koop  
En daarmee saam, 'n sak verbeelding in die hand stop, net voor hul hier uitloop  
Eendag as Bill Gates sy fortuin oorgee in my beheer  
Gaan ek flieks sonder politiek , toiletgrappe of cliches produseer.  
Eendag, as ek elke noot en sent in elke bank besit ,  
gaan ek al my tyd benut  
om kinders wat nie prysies wen ,of ^erens uitblink , te gaan leer

Hul is ook liefde waardig, hul hoef nie namens ander, te presteer.

Eendag, as ek tyd het, gaan ek op my rug l<sup>^</sup>e en vir ure na die wolke kyk  
Die vliesdrake en skoene en mal patrone wat mooier as enigiets op aarde lyk  
En as daar nog tyd oor is, gaan ek die grootste kristalkandelaar ter w<sup>^</sup>ereld soek  
En in 'n bloedrooi aandrok , gillend aan hom swaai , van kamerhoek tot kamerhoek  
En met die spaar minute, sal ek op die rand van die afgrond, by die Vallei van Verlatenheid gaan stop  
En roep sodat die w<sup>^</sup>ereld eggo : “Deernis, dis, al wat saakmaak, die res is alles petty nonsens,  
hou op , hou net op !  
En met my laaste paar sekondes sal ek die Doodsengel moet vra,  
om net 'n oomblikkie te wag terwyl ek besluit, wat mens vir die Hiernamaals dra.

En as ek weer kon terugkom, vra ek 'n lang maer lyf ,en 'n perfekte neus  
En spierwit tande, en insuig wange en dat ek nooit weer iets sal vrees.  
En liefde sonder komplikasies ,en 'n huis wat homself restoureer  
En oorvloedige verstaan, en om my ongeduld te beheer  
En as ek alles het, gaan ek van vooraf peins oor die raarste goed  
Want dit is *after all*, die stof wat wonder stories voed.

EINDE SKETS. 8

LX BLACKOUT

SQ

LIZZ CHANGE TRUG IN OU TANNIE – JAS EN HOED

LX STATE VIR SKETS .

### **SKETS 9 – OU TANNIE IN GEHOOR (VIR HEEL EINDE VAN SHOW ?)**

Kan ek nou maar uitkom ? Ek wou nie kom pla terwyl die meisie besig was nie. Koot, daar oorval die donkerte my en verdwaal ek hier na agter die gordyne in. Daar's net drade en bottels water en papiere hieragter. Dit ruik na vrees en senuwees. En gesigpoeier. Seker maar soos *showbizz* ruik. Lekker.

Mens, dis nou interessant – om die konsert uit 'n ander hoek te kyk. Jy sien hoe dik sit die grimering, en hoe sy sweet.

So dit was nou TONEEL. Siestog. Raak die meisie nie moeg van so baie nonsens praat nie.? Ag wat, ek kon darem tussenin so 'n bietjie slaap. En die goed oor die blomme ? Die bizzie lizzies en die rooi rose ? Het ek daai stuk gemis ? (*begin move trap kant toe..*)

Neewat, ek gaan sit liewers saam met die kinders op die skoolveld. En raas en skree en drink 'n SPIN. Diè is harde werk. Jy moet dink enjou verbeel en alles...

(*Kyk na die set* ) Haai die goed is dan net karton.. Wat hier gebeur, is alles 'n lekker lieg nê ?..

EINDE SKETS.

LX    BLACKOUT

LIZZ CHANGE UIT JAS & HOED

SQ    CURTAIN CALL MUSIC

LX    LIGTE OP, LIZZ BUIG

LIZZ EXIT

LX    HOUSELIGHTS UP

END SHOW.